



SLUIT AAN BY DIE KUNSTE ONBEPERK KLIK-KLUB

Kunste Onbeperk bied verskeie projekte aan o.a. die Klein Karoo Nasionale Kunstefees, Klein Karoo Klassique (Oudtshoorn se klassieke musiekfees in Augustus), die Teksmark, ensovoorts. Word lid van die Klik-klub en geniet voordele dwarsdeur die jaar vir al dié projekte. Klublede staan ook die kans om opwindende pryse in gelukkige trekkings te wen. Hierdie pryse sluit onder meer uitnodigings na programbekendstellings, die Kannas, en ander funksies in.



Wat is die koste?

Lidmaatskap kos R300 per jaar en is vir 'n tydperk van 12 maande geldig.

Wat is die voordele?

- Bly op hoogte van Kunste Onbeperk-nuus, gebeure en al sy projekte.
- Ontvang die KKNK-feesprogram vroeër (voor die publiek of die bekendstelling daarvan).
- Ontvang die Klein Karoo Klassique-feesprogram vroeër (voor die bekendstelling daarvan).
- KKNK-kaartjies teen afslagpryse.
- Klein Karoo Klassique-kaartjies teen afslagpryse.
- Spesiale besprekingsperiode vir KKNK-kaartjies voor verkope open vir die algemene publiek.
- Toegang tot Klein Karoo Klassique-kaartjies voor verkope open vir die algemene publiek.
- Toegang tot 'n eksklusiewe, gratis KlikPlus-parkeerarea tydens die KKNK.
- Ontvang 'n gratis KKNK-feesgids.
- Ontvang uitgesoekte voordele in samewerking met feesborge.
- Ontvang spesiale aanbiedinge van ons plaaslike feesvriende.
- Bespreek verblyf vir KKNK voor dit open vir die publiek.
- 'n Uitnodiging na die Kunste Onbeperk Teksmark.
- Afslagpryse vir Kunste Onbeperk-produksies landswyd.

Hoe om aan te sluit?

Voltooi die inskrywingsvorm met jou besonderhede en belangstellings. Aansluiting kan deur die loop van die jaar gedoen word en is geldig vir die kalenderjaar.

Betaal R300 ledegeld in Kunste Onbeperk se bankrekening:

KUNSTE ONBEPERK KLIK

ABSA

REKENINGNOMMER: 916 380 7605

TAKKODE: 632005

Gebruik jou naam en van as verwysing.

KUNSTE ONBEPERK KLIK-KLUB INSKRYWINGSVORM

ALGEMENE INLIGTING (VERPLIGTE VELDE*)

Naam*		Van*	
ID-nommer*			
Posadres			
Dorp/Stad		Poskode	
Woonadres			
Dorp/Stad*		Poskode	
Telefoonnommer (h)		Telefoonnommer (w)	
Selfoonnommer*		Faksnommer	
E-posadres*			

Ek verklaar hiermee dat die bogenoemde inligting korrek is en dat my ledegeld betaal is.

Hiermee verleen die Klik-klublid toestemming om kommunikasie oor Kunste Onbeperk-projekte te ontvang.

NAVRAE

Indien jy enige navrae het, kontak gerus vir Daleen Witbooi by 044 203 8600 of info@kunste.org.za.